

### **Skrifgetuienis oor die Drie-eenheid**

Alhoewel die woord “Drie-eenheid” nie in die Bybel voorkom nie getuig byna elke bladsy van die Bybel daarvan dat God drie-enig is. ’n Voorbeeld is die volgende: Aan die begin van die Bybel skep die VADER deur die WOORD (Seun), terwyl die GEES oor die water sweef. Aan die einde van die Bybel waak die VADER oor sy beloftes, terwyl die GEES saam met die kerk bid om die vervulling van die beloftes, naamlik die SEUN se terugkoms.

Ook ons Skrifgedeelte getuig dat God drie-enig is. Die aandag word direk op die gawes van die Heilige Gees gevestig (vers 4), maar hierdie gawes word terselfdertyd “bedieninge” genoem waartoe “die Here” (Jesus Christus) die opdrag gee (vers 5). Dieselfde gawes word ook “kragtige werkinge” genoem wat deur God (die Vader) in gelowiges tot stand gebring word (vers 6).

Al weet ’n mens miskien nog nie watter spesifieke gawes die Heilige Gees aan jou gegee het nie kan jy dus gewoon begin om Jesus Christus se opdragte te gehoorsaam. Dankbare eer aan God, liefde vir mekaar en die fisiese en sondenood van die wêreld word deur hierdie opdragte gedek. Wanneer jy hierdie opdragte begin gehoorsaam sal jy die kragtige werking wat net die Vader tot stand kan bring op sommige terreine raaksien. Kyk dan mooi, want op daardie terrein lê waarskynlik ook die gawes wat die Heilige Gees vir jou gee.

So word die Drie-eenheid van God nie net iets wat BELY word nie – jy BELEEF dit ook!

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*

~~~~~